Leeuwenhof Akademie

WELPIENUUS

Nuusbrief 2 25 Januarie 2017

Saamgestel deur Wilna van Rooyen
083 454 2843 wilnav@leeuwenhof.co.za

In hierdie uitgawe:

Bl. 1 Baie dankie
Kaskardag 18-02
Bl. 2 Skoolure
Verjaarsdae
Bl. 3 Belangrike datums
SNOEPIE
Hekskyfies en plak-kers
Bl. 4 Belangrikheid van spel

Baie dankie!:

Liewe Ouers,

Dit was so 'n voorreg om ons oueraand saam met u te ervaar! Ons sien uit na 2017 met al sy aktiwiteite, saam met 'n ouergemeenskap soos u. Ons is opgewonde oor die kwaliteit kinders wat ons in die skool het en glo ons gaan die hoogste hoogtes bereik.

Baie dankie vir die moeite wat u gedoen het om die aand by te woon, dis duidelik dat u die belange van u kinders op die hart dra en daarvoor het ons baie respek!

Ons glo die belegging wat u in u kinders maak, saal wonderlike dividende lewer!

Kaskardag 18 Februarie 2017:

Op Saterdag 18 Februarie vind ons jaarlikse kaskardag plaas. Dit is een van ons groot fondsinsame-lingsgeleenthede, waarna ons sommer baie uitsien!

Ons sal die borgvorms so gou moontlik voorsien, sodat u asseblief kan begin om donasies as borge bymekaar te maak. Ons hoop om ons badkamers met die fondse op te gradeer, indien ons genoegsame fondse insamel.

Al ons maatjies neem deel—gr. 000, 00 en 0. Dis 'n heerlike geleentheid, waarna u gerus oupas en oumas, familie en vriend kan uitnooi. Daar is 'n optog waaraan ons deelneem, die maatjies ry dan 'n paar rondtes. Die gr. 000 ry met klein plastiese motorfietsies, die gr. 00 maatjies ry met groot plastiese motorfietsies en die gr. 0 maatjies ry met die kaskarre. Een maatjie bestuur en twee maatjies stoot.

Dis groot pret wat deur groot en klein geniet word!

Skoolure van 30 Januarie af:

Ons bevestig graag die volgende, wat skoolure betref:

SKOOLURE:

Vir die eerste een en 'n halwe weke, tot 27 Januarie, word die kleuters in die oggend in hul klassies ontvang. Daarna, **van 30 Januarie** af, sal hul **in die speelkamer** ontvang word, waar die boonste klassies se tassies ook gebêre kan word.

Daar is elke oggend 'n **personeellid om 07:00 aan diens.**

Indien kleutertjies onseker voel, gee hul asb. persoonlik aan die juffrou aan diens, of hul eie juffrou af. Omdat ons busse het wat kinders na die skool bring, is een van ons juffrouens op busdiens en sal dan nie self haar kleuters kan ontvang nie. Die ander personeel sal dit egter met graagte doen!

Ons dagprogram eindig om 13:30

Verjaarsdae in Januarie:

Hartlik geluk aan elkeen wat in Januarie verjaar en verjaar het!

Juf. Zuanéll, Milan Stapelberg, An-ché Greyling, Ruben Aucamp, Luhandri Wilken, Quade van Wyk, Novak Schmidt, Kyla Holtzhausen, Logan Gouws en Micaela Adams. Groot seën jul toegebid!

'My school' vorms:

Vul asseblief die 'My school' vorm in, sodat u 'n kaart kan kry, wat u tot voordeel van die skool kan gebruik.

Die vorms sal deur die onderwyseresse in die briewesakkies van die kleuters geplaas word.

Briewesakkies moet asseblief altyd teruggestuur word skool toe.

Baie dankie vir u hulp in dié verband!

Belangrike datums:

Tot 30 Januarie 2017:
Demonstrasielesse vir buitemuurs
3 Februarie:
Waterfees
10 Februarie:
Poppedag—enige poppe of mannetjies
13 Februarie:
Broeikas by die skool—eiers broei uit!
18 Februarie:
KASKARDAG!!!!

Snoepiebestellings:

Indien u kossies of dalk op 'n Vrydag 'n lekkernytjie vir die kleuters wil bestel, kan u dit direk by Angie doen, per e-pos:

Bestellings kan geplaas word by

angie@drehmo.co.za

Bestelling MOET asb. **voor** Vrydag geplaas en betaal word.

Bankbesonderhede is:

Mufasa's Den, Nedbank, 1087 629 527, 198765,

Hekskyfies en plakkers:

Hekskyfies is by Juf. Wilna in die kantoor beskikbaar, teen R100 elk. Daarmee kan u toegang tot die skool verkry.

Vul asb. die vorms in om **plakkers** vir u motors te bekom—ook by Juf. Wilna beskikbaar.

Motorplakkers is gratis.

Die belangrikheid van kinderspel:

Volgens die navorsers is kinderspel nie sleg 'n ontdekkings– en verkenningsmedium nie, maar by uitstek 'n ekspressiemiddel *(de Witt & Booysen 1994)*

Spel is meer as 'n uitlaatklep. Speel is 'n leefwyse vir kinders, dit is hul natuurlike respons en die **essensie van kreatiwiteit**. Hoekom is kinderspel universeel tot kinderervaringe en waarom speel kinders? Een antwoord: Kinderspel is intrinsiek gemotiveerd en dit is **natuurlik bevredigend.** (*Gordon & Brown 2004)*

Vygotsky (2007) glo dat kinderspel die sone skep vir die kind se **optimale ontwikkeling**, dit fasiliteer die skeiding van denke, aksies en objekte en spel fasiliteer ook die ontwikkeling van selfregulering.

Die belangrikheid van spel kan nie oorbeklemtoon word nie! 'n Kind wat speel, is besig om te leer. Kinders is so geskape, Vier dit en geniet dit!

Vriendelike groete!

Wilna van Rooyen

Liefde: Dit wat ons menslik maak, is nie ons verstand nie, maar ons hart, nie ons vermoë om te dink nie, maar ons vermoë om lief te hê. *Henri Nouwen*